kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Verlore geleentheid of geleenthede geskep?

**Skriflesing:** Lukas 19:11-28

## Broodjies vir die pad

"If you can cultivate the right attitude, your enemies are your best spiritual teachers because their presence provides you with the opportunity to enhance and develop tolerance, patience and understanding."
— Dalai Lama XIV

"If you reject the food, ignore the customs, fear the religion, and avoid the people, you might better stay home."
— James A. Michener

"When a great moment knocks on the door of your life, it is often no louder than the beating of your heart, and it is very easy to miss it. "
— Boris Pasternak

"If we are to love our neighbors, before doing anything else we must see our neighbors. With our imagination as well as our eyes, that is to say like artists, we must see not just their faces but the life behind and within their faces. Here it is love that is the frame we see them in."
— Frederick Buechner, Whistling in the Dark: A Doubter's Dictionary

"The majority of us lead quiet, unheralded lives as we pass through this world. There will most likely be no ticker-tape parades for us, no monuments created in our honor. But that does not lessen our possible impact, for there are scores of people waiting for someone just like us to come along; people who will appreciate our compassion, our unique talents. Someone who will live a happier life merely because we took the time to share what we had to give. Too often we underestimate the power of a touch, a smile, a kind word a listening ear, an honest compliment, or the smallest act of caring, all of which have a potential to turn a life around. It's overwhelming to consider the continuous opportunities there are to make our love felt."
— Leo Buscaglia

**Meiringspoort**

Die poort lei jou binne,
terug na ŉ geboorte-
kanaal waar jou blik glip
oor boom en klip en dit
bevrug tot kransbonsai's,
Mondrian-blokke
of hematietteëls in ŉ basiliek-
mosaïek; of het ŉ kleuter-
god hier Raponsie-torings
uit reuse LEGO opgebou,
poele vir meerminne uitgehou?
Jy tel die gestolde millenia
af soos die jaarringe
van gefossileerde bome
en word uiteindelik herbore
uit die buik van die berg
verby 'n Karoo-venusheuwel:
'n suigeling wat die aarde
vir die eerste keer sien.

*Franco Collin*

"When God puts love and compassion in your heart toward someone, He's offering you an opportunity to make a difference in that person's life. You must learn to follow that love. Don't ignore it. Act on it. Somebody needs what you have."
— Joel Osteen, Your Best Life Now: 7 Steps to Living at Your Full Potential

"But what is the sense in forever speculating what might have happened had such and such a moment turned out differently? One could presumably drive oneself to distraction in this way. In any case, while it is all very well to talk of 'turning points', one can surely only recognize such moments in retrospect. Naturally, when one looks back to such instances today, they may indeed take the appearance of being crucial, precious moments in one's life; but of course, at the time, this was not the impression one had. Rather, it was as though one had available a never-ending number of days, months, years in which to sort out the vagaries of one's relationship with Miss Kenton; an infinite number of further opportunities in which to remedy the effect of this or that misunderstanding. There was surely nothing to indicate at the time that such evidently small incidents would render whole dreams forever irredeemable."
— Kazuo Ishiguro, The Remains of the Day

"Unbelief is as much of a choice as belief is. What makes it in many ways more appealing is that whereas to believe in something requires some measure of understanding and effort, not to believe doesn't require much of anything at all."
— Frederick Buechner, Whistling in the Dark: A Doubter's Dictionary

"Don't underestimate the power of vision and direction. These are irresistible forces, able to transform what might appear to be unconquerable obstacles into traversable pathways and expanding opportunities. Strengthen the individual. Start with yourself. Take care with yourself. Define who you are. Refine your personality. Choose your destination and articulate your Being. As the great nineteenth-century German philosopher Friedrich Nietzsche so brilliantly noted, "He whose life has a why can bear almost any how."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

## Fopnuus kom al uit die tyd van Rooibaard

*Wilhelm Jordaan*

Merkwaardig die woorde wat ons maak om die skande van die mens se leuenagtige tong te versag. Ek praat van taalskeppings soos postwaarheid, fopnuus, spin en imagologie, elkeen met sy eiesoortige beklemtoning en gebruiksveld. Dit bevestig maar net hoe veelsydig die moderne mens die berekende, koelbloedige leuen laat floreer. En deur taal valse of skynwerklikhede kan optower.

In sy essay "The Power of Falsehood" skryf die Italiaanse filosoof en semiotikus Umberto Eco insiggewend oor hoe oud "postwaarheid" en "fopnuus" eintlik is – dermate dat die geskiedenis vir hom wesenlik 'n "teater van (verbale) illusies" is. Hy reken dit is vir die meeste mense veel makliker om 'n storie, hoe vergesog of gelieg ook, te glo as om agter die feitelike kap van die byl te probeer kom.

'n Meevoerende geval van ouwêreldse "fopnuus" is die sage oor die Christelike koninkryk van presbiter Johannes ("Prester John") in die 12de eeu.

Sy koninkryk is bekend gestel in 'n brief wat in die destydse Westerse wêreld in omloop gekom het – oor 'n Christelike koninkryk in die Verre-Ooste, ver anderkant die Islamitiese invloedsgebied.

Presbiter Johannes het dit glo self geskryf en dit begin so: "Julle moet weet en dit vas glo dat ek, presbiter Johannes, die heer van alle here is en dat ek wat mag, deugdelikheid en rykdom betref alle konings van die aarde oortref. Ek is 'n toegewyde Christen . . . In een van ons provinsies is daar 'n rivier wat uit die Paradys vloei en daarin is kosbare edelgesteentes . . . In nog 'n gebied laat God regdeur die jaar twee keer 'n week manna reën en dit is al wat die mense eet. Al hierdie mense eet net goddelike kos en leef vir 500 jaar . . . Nie een van ons is leuenaars nie. Daar is ook geen owerspeliges onder ons nie. Geen sonde het mag oor ons nie."

Tot in die 17de eeu is dié "brief" in verskillende tale en weergawes versprei. Baie het geglo die brief is eg en dít het as aansporing gedien vir ontdekkingstogte en die uitbreiding van die Christelike Weste na die Ooste, met die veronderstelling dat daar reeds 'n Christelike beskawing daar iewers is. Selfs die ontdekkingsreisiger Marco Polo het melding gemaak van presbiter Johannes en sy koninkryk.

Uiteraard is dié koninkryk nooit gevind nie en was die presiese ligging daarvan 'n immer skuiwende "werklikheid" – soms iewers in Asië, soms in wat vandag bekend is as Kameroen, soms in Ethiopië en soms in die Kaap.

Eco beskou dié "fopnuus" as 'n politieke projek – 'n alibi vir die uitbreiding van die "Christelike wêreld" na Afrika en Asië en as anti-Bisantynse propaganda. Dit het waarskynlik ontstaan in die denkwêreld van Frederik (Rooibaard) Barbarossa, wat van 1155 tot 1190 keiser van die "Heilige Koninkryk" van die Romeinse Ryk was.

Baie duidelik was die ganse sage 'n "verbale illusie" soos min. Onrusbarend vier sulke illusies, ook in ons land, steeds hoogty en dít word fyn georkestreer, soms met bloedige en vreesaanjaende gevolge.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-fopnuus-kom-al-uit-die-tyd-van-rooibaard-20221102

# Brood vir die pad

## Hoe kan ons inhoud aan mekaar se lewe gee?

*Dawid Kuyler*

Die lewe gaan voort ten spyte van en te midde van.

Terwyl die politieke woelinge op nasionale en internasionale vlak ons aandag vra en die krag(telose) krisis van Eskom ons al hoe meer magteloos maak, gaan die lewe voort met ons en vir ons.

In Brittanje het hulle al weer 'n nuwe premier, die oorlog tussen Oekraïne en Rusland woed voort, oudpres. Jacob Zuma hou 'n mediakonferensie en is die ene onskuld, pres. Cyril Ramaphosa kondig aan dat die Zondo-kommissie se aanbevelings aanvaar word, maar rep geen woord oor hoe kaders hokgeslaan gaan word nie.

Mense raak verlief, trou, kry kinders en oupas en oumas kry kleinkinders. Huwelike verbrokkel en verhoudings word verbreek. Iemand in die gesin of familie kom te sterwe en laat 'n leemte. Liefde en hartseer bly deel van die lewe. Selfs in oorloggeteisterde gebiede te midde van vrees en hartseer, blom die liefde.

Jonk en oud word siek, kry mediese behandeling; sommige word gesond en ander word sieker, ly en sterf. As jy in landelike gebiede woon en ver van mediese dienste is, of dalk in die townships woon en afhanklik is van wanfunksionele staatshospitale, moet jy jou bietjie geld spandeer op taxi's om by klinieke en hospitale uit te kom en onverrigter sake terug te keer na jou huis.

Gegoede mense koop wonings en begin 'n eie tuiste en ander verloor hul huisvesting, terwyl nog ander op straat beland. Sommige bly hul lewe lank huurders en trek van plek tot plek.

**Nie te opwindend nie, en ook nie te saai nie**

Sommige mense kry betrekkings en maak planne vir die toekoms en ander word afgedank en is sonder planne met 'n toekoms wat duister is. In Suid-Afrika, met sy amptelike werkloosheidsyfer van 33,9% is daar baie wat in hul hele lewe geen vaste betrekking kry nie.

Terwyl die lewe voortgaan, moet ons individueel en kollektief probeer om sin daaraan te gee.

Dan raak 'n mens warm onder die kraag as jy beleef hoedat sommige wat vaste betrekkings het (veral in die staat) geensins

ingestel is op dienslewering nie. Kla help ook nie. Die lewe gaan voort vir die luies en die flukses.

Mense kom tot geloof in God en dien Hom met vreugde; ander se verhouding met God en godsdiens verbrokkel – en in sommige gevalle sweer mense hul geloof af en kondig aan dat hulle bevry is. Mense takel mekaar op sosiale media oor geloofskwessies en die lewe gaan voort met ongelowiges, minder gelowiges en getroue gelowiges.

Terwyl die koerante en media vol is van nuus oor opspraakwekkende gebeure en glanspersoonlikhede, leef ons – die lesers van al hierdie magdom berigte – ons eie lewe.

Dit is dalk nie so opwindend nie, maar ook nie te saai nie. Ons probeer almal die beste maak van wat ons het en ons geniet ons familie en vriende se teenwoordigheid en betrokkenheid in ons lewe. Sommige beoefen hul geloof en ander leef sonder geloof. Ja, die lewe gaan voort.

**Meer draaglik en leefbaar**

Dit wat in die hogere raadsale en op openbare platforms gebeur, het inderdaad ’n invloed op ons gewone mense se lewe, maar op voetsoolvlak is daar ’n oorvloed van lewe.

Die lewe wat voortgaan, word ook deur ons as gewone mense beïnvloed en in rigtings gestuur. Dis nie maar soos ’n golf wat almal meesleur nie. Gewone mense maak ook hul eie golfies en golwe en ander ry die golwe met ’n branderplank. Hulle benut geleenthede.

Terwyl die lewe voortgaan, moet ons individueel en kollektief probeer om sin daaraan te gee. Oral hoor en lees ek stories van individue wat ’n verskil in ander mense se lewe maak.

Kerke en ander instansies lewer dienste in gemeenskappe waar mense swaar trek. Hulle help dat, terwyl die lewe voortgaan, mense se lewe meer draaglik en leefbaar gemaak word.

**Koninkryk van God**

Soms voel ons of die lewe ons bloot meesleur soos ’n golf by die see en jy nie meer vastigheid onder jou voete voel nie. Vind jy weer vastigheid, beur jy na veiligheid.

Dít is hoe die lewe is – die een oomblik het jy vastigheid, dan weer word jy opgelig en meegesleur – en dan vind jy wéér vastigheid.

Jy kan kies om op die strand en veilig te bly, maar dan mis jy die opwinding van die see. Ons uitdaging is om, terwyl die lewe met ons voortgaan, die vreugde van die lewe weer te ontdek en met ander te deel. Só help ons mekaar om sin te vind in ’n wêreld waarin ons onveilig voel.

Vir my gaan dit oor die opdrag: Soek eers die Koninkryk van God. Hoe kan ek God se liefde en geregtigheid in my lewe en die lewe om my sigbaar maak? Dit help my om in my lewe sin te vind en sin te gee aan ander se lewe.

Die lewe gaan nie net voort nie, ek en jy gee ook inhoud aan ons en ander se lewe. Dit is net so belangrik as die sake wat op internasionale en nasionale vlak afspeel.

** Dr. Kuyler is ’n leraar van die Verenigde Gereformeerde Kerk en ’n voormalige skriba van die algemene sinode van die VGKSA.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/dawid-kuyler-hoe-kan-ons-inhoud-aan-mekaar-se-lewe-gee-20221027

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877